**GUISE, DAVID: FREEDOM FOR ALL. THE ORANGE RIVER PROPOSALS.** Deur skrywer uitgegee in Parnell, Nieu Seeland, 1993.

'n Boek wat in Nieu Seeland uitgegee is oor die volkstaatkwessie in Suid-Afrika. Die skrywer rig sy werk op die konstitusionele proses in Suid-Afrika. Hy gee eers 'n historiese oorsig van die geskiedenis van Suid-Afrika en beklemtoon die reg van elke volk en stam in Suid-Afrika op outonomie. Hy bepleit 'n federale opset vir Suid-Afrika met 'n federale staat bekend as die Oranjerivier wat die grootste deel van die Kaapprovinsie en dele van die Wes-Vrystaat, Wes-Transvaal, met 'n verlengpunt tot in Pretoria, sal insluit.